Geliefde Lourensrivierder



Welkom terug van 'n hopelik heerlike rustyd♫ Die laaste stukkie van 2019 het aangebreek en my gebed is dat dit "smooth sailing" sal wees vir elkeen van julle, omdat Jesus in jul bootjie is.

Daar sal altyd winde waai en branders wees, maar Hy bly ons Kaptein, Skipper en Anker! Luister na hierdie puik liedjie deur Ryan Stevenson (Eye of the Storm): Klik op skakel - https://www.youtube.com/watch?v=-sx8wTnnfSc

NUUSKRUMMELS: 03 Oktober 2019

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

DINAMIET KIEDZ & LIFELINE begin weer Sondag, 6 Oktober

BELYDENIS AFLEGGING sal op 20 Oktober plaasvind gedurende die oggenddiens @ 09h00.
Ons nooi al die familie, vriende en wie hulle ookal wil kom ondersteun, om die spesiale gebeurtenis saam met hulle te kom deel. Leiers is: Liesbet @ 0736300268 en Constant @ 0722243267

LIFELINE nooi jou ook uit om op 13 Oktober saam met hul deel te hê aan hierdie inspirerende jeugproduksie:

WOEKERHOEKIE:

Anna se Marmelade @ R35
Canola & Olyfolie @ R85
Gewone Canola Olie @ R75
Lappiesboontjies @ R50/kg
Heuning @ R60 per potjie (400ml)
Anna se Kleinkoekies @ R25 per pakkie

Droëvrugte uit Ceres @ R70 p/kg
Perskes (lospit); Pruime; Pere; Rosyne; Gemengde vrugte

Ons het ook 'n GROOOOT verskeidenheid van ander droëvrugte in verskillende grotes, bv. Mango, Appelkoos, Aarbei, Songedroogte tamatie en vele meer.

Vrugterolle, grondboontjies en neute te kies en te keur.

Vir volledige pryslys, kontak Kerkkantoor 021 853 5991

KERKNUUS UIT DIE OMTES:

Boekhouerspos by Hottentots-Holland gemeente is vakant vanaf 1 Januarie 2020.
Aansoeke vir hierdie pos word ingewag tot en met 15 Oktober 2019.
Kontak gerus die kerkkantoor (021 852 5004) of admin@nghottentotsholland.co.za vir meer inligting oor die vereistes en verantwoordelikhede van hierdie pos. Uiteensetting is onderaan Nuuskrummels.

Die matrieks se laaste skooldag is op hande, hul eindeksamen begin binnekort... en dus is dit ook amper tyd vir die Matriekfees!

Sien asseblief die aangehegte advertensie.
Gee asseblief die inligting aan ander deur sodat alle belangstellendes daarvan te hore kan kom.

Kontak my gerus met enige navrae asook vir inskrywingsvorm.

Groete en seën!

Maryke Fourie
Jeug en Familiebediening
Communitas
NG Kerk in Suid-Afrika | Sinode van Wes-Kaapland
Posbus 3322, Matieland 7602
T: 021 808 9050
jeug@sun.ac.za

Helderberg word 50 en vier fees♫
Ons vier Helderberg Gemeente se 50'ste verjaarsdag oor die naweek van 12-13 Oktober. Nooi asseblief alle oud-Helderbergers, nuwe Helderbergers, toekomstige Helderbergers en natuurlik die huidige Helderbergers na hierdie feesviering. Almal is welkom by hierdie feesviering.
Ons skop Vrydagmiddag 14:00 af met ons Makietie met 'n verskeidenheid stalletjies.
Die Vrydagaand is daar vanaf 18:00 'n Bring-en-Braai met heerlike musiek. Om dit maklik te maak, sal daar braaipakkies te koop wees van Douvoordag slaghuis (Merweville) – bring net jou eie piekniekmandjie met eetgerei en bykosse. Vir die wat nie wil braai nie en net saamkuier, is daar 'n verskeidenheid kosstalletjies.
Die Saterdag hou ons verder makietie met stalletjies soos Kinderkarnaval, Poedinghemel, Die Bakkery, Boekeparadys en natuurlik ons gewilde wit olifanttafel. Daar is iets vir almal! Sondag het ons nagmaal by al die ere dienste en dan om 16:00 sluit ons die naweek af met die gewilde gratis Klassieke Klanke Konsert in die kerk.
Kom kuier lekker saam met ons oor die naweek en bring familie en vriende saam.

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP

LAERSKOOL HENDRIK LOUW FEESDAG
SAT. 5 OKT. 2019
Kom ondersteun Louwtjies se Feesdag! Vele aktiwiteite vir oud-en-jonk. Kompetisies sluit "Dodgeball" en 'n Potjiekos-kompetisie met "Laat die potte prut" se beoordelaars in.
Kom stal by ons vlooimark uit. Neem deel aan verfklasse. Besoek die spookhuis en nog vele meer. Die hele gesin is welkom.

Navrae:
hendrikl@mweb.co.za

Kontak: 021 853 1045

BERG 80 VERJ: OKTOBER 2019

LET WEL: Ouderdom op lys is huidige ouderdom tensy verjaarsdag al verby is.

Cruywagen	Christo	10/02	84
Du Plessis	Erika	10/03	82
Grobbelaar	Faureen	10/03	83
Van Wyk	Erna	10/05	80
Leeuwner	Karel	10/07	80
Du Plooy	Pieter	10/10	87
Henning	Gideon	10/10	83
Geldenhuys	Hettie	10/12	86
Mostert	Anna	10/14	84
Louw	Anna	10/24	85
Oosthuizen	Stanley	10/25	81
Jooste	Christie	10/26	86
Dreyer	Garies	10/30	82

JES. 46:4 "Ook tot in julle ouderdom
is Ek die Here, tot in julle grysheid
sal Ek julle dra. Ek het julle gemaak en Ek sal julle
vashou, julle dra en julle red.

KNIEWERK:

- Paul Louw kry steeds kankerbehandeling
- Ons innige meegevoel met Juanita Dempsey en familie met die heengaan van haar man Ettienne

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONDAG, 06 OKTOBER SE BOODSKAP: LUK 17:5-10 (17DE WEEK IN KONINKRYKSTYD)

Mense dink altyd “hoe groter hoe beter”: karre, huise… Ons wil altyd nuwer, beter goed hê: selfone, iPads, Nintendos. En somtyds dink ons as iets nie meer of groter is nie, is dit regtig nie veel werd nie – dat wat ons het, nie genoeg is nie, ons het meer nodig om self enige iets werd te wees. Dit is hoe die dissipels gevoel het oor hulle geloof! Hulle het geweet dis moeilik om altyd gehoorsaam te wees. Daarom het hulle vir Jesus gevra vir nóg geloof. Dit sal sekerlik beter wees as dit groter is, as hulle meer het! Maar Jesus antwoord hulle dat dit nie soveel saak maak hoe groot jou geloof is nie, maar eerder wat jy daarmee doen. Teen die agtergrond van "meer" of "minder", die soort taal waarmee Jesus duidelik nie so gemaklik is nie, praat Hy nou verder oor meer en minder: in hierdie geval oor meer of minder verdienste. Jesus vertel die gelykenis van 'n slaaf wat sy meester bedien.

'n Slaaf wat gedoen het wat hy moes, word nie bedank nie. Jesus pas dit op dissipelskap toe. Wanneer die dissipels al die opdragte uitgevoer het wat Jesus hulle gee, moet hulle nie meer van hulleself dink as wat hulle moet nie. Hulle moet bloot aan hulleself as onverdienstelike slawe dink wat hul plig nagekom het (10). Jesus begeer 'n gemeente wat nie struikelblokke vir ander is nie (1-2) en wat geleer het om te vergewe (3-4). Hulle het geleer om al Jesus se opdragte na te kom, en dit deur die geloof dat Hy hul Here en Meester is wat hulle op die regte pad lei.

Jackie@Lourensrivier
OORGEE, OMGEE, AANGEE

NG KERK HOTTENTOTS-HOLLAND
VAKANTE POS: BOEKHOUER

Die geleentheid het ontstaan by die NG Kerk Hottentots-Holland vir 'n energieke, goed georganiseerde en pro-aktiewe persoon om by ons gemeente aan te sluit as Boekhouer.

Take/verantwoordelikhede sal die volgende insluit:

Boekhouding van NG Kerk Hottentots-Holland (±60% van tydsbesteding):

- Hantering van fondse en gelde (soos tel en bank van gelde, belê van fondse, betaling van salarisse en lone, LBS betalings en SARS opgawes).
- Maandelikse rekonsiliasie van fondse, rekeninge en deposito's en voorbereiding van finansiële state vir voorlegging aan Fondse Diensgroep.
- Finansiële afsluiting in Februarie (soos rekonsiliasie van alle rekeninge, voorsiening vir uitstaande verpligtinge, verskaffing van dokumente aan ouditeur te wete inkomstestaat, proefbalans en balanstaat).
- Finansiële administrasie (soos opstel/tik van briewe, opstel van IRP5's vir werknemers, kenisgewing/bywoning/notulering van Fondse Diensgroep vergaderings, veilige bewaring van dokumentasie/bewyse, verskaffing van finansiële inligting aan gemagtigde Diensgroepe, skakeling met bank en byhou van FICA dokumentasie).
- Saamstel van jaarlikse gemeente begroting gebaseer op Diensgroepe se insette en maandeliks/ bestuur beheer van begroting.

Boekhouding van Disakloof Kampterrein (±40% van tydsbesteding):

- Voorbereiding van finansiële state (soos begroting, inkomste, uitgawes, bankstate, afwagrekening rekonsiliasie, skakeling met ouditeure) .
- Voorbereiding van betalings en ontvangste van inkomste (soos lone, salarisse, werknemerbelasting, BTW, diensverskaffers, terugbetalings ná afloop van kampe, instandhouding, kaptaaluitgawes)
- Hantering van navrae (vanaf banke, ander finansiële instellings, versekering, direkteure)
- Hantering van salarisse/lone (soos LBS, salarisstrokies, lone rekonsiliasie)
- SARS e-filing (EMP 201, BTW)

Kwalifikasie en ondervinding

- Formele boekhouding kwalifikasie (minimum 'n sertifikaat/diploma).
- Minimum 5 jaar ondervinding van klein maatskappy boekhouding.
- Vertroud met voorbereiding en indiening van BTW en SARS e-filing.
- Goeie interpersoonlike/kommunikasievaardighede.
- Goeie spanvaardighede (moet saamwerk met leraars, kantoor-personeel, Diensgroepe)
  Goeie werkende kennis (en of die vermoee om dit vinnig aan te leer) van boekhoustelsels soos Finkerk en Pastel
- Lidmaatskap en inskakeling by die gemeente wenslik maar nie 'n vereiste.

Die pos is 'n deeltydse pos en werksure behels 5 weeksdae van 8:30 tot 13:00 d.w.s. 22 ure per week.
Die pos is beskikbaar vanaf 1 Januarie 2020

Indien u belangstel, moet u asseblief skriftelik u aansoek rig aan:
Die Diensgroep vir Diensverhoudinge
NG Kerk Hottentots-Holland
Posbus 735; Somerset Wes; 7129

óf 'n skriftelike aansoek faks na: 086 552 6165

óf per e-pos stuur na admin@nghottentotsholland.co.za voor of op 25 Oktober 2019

Navrae: Rencia van Wyk 021 852 5004 (weeksdae tussen 9:30 en 13:00)